Pretoria- 23 Januarie 2011

Skriflesing: Esegiël 20:1-44
Teks: **Esegiël 20:14, 21b-22, 37, 40**
Sing- Ps. 92:1,3; Ps.89:10,13; Ps. 78:12,25; Ps. 105:23

Esegiël 20, broeder en suster, het omtrent 'n jaar later plaasgevind, ná Esegiël in die gees na Jerusalem weggevoer was. Geliefdes, in Esegiël 8 as u dit weer sou lees het Esegiël gruwelike dinge in die Here se stad sien plaasvind. Daarom is hfst. 20 weer 'n hoofstuk met 'n datum. Dit was die sewende jaar in die vyfde maand op die tiende van die maand wat dit alles gebeur. In 'n jaar se tyd kan daar baie dinge gebeur. Dit weet ons ook. Dit was so Julie-Augustusmaand waarin hfst. 20 geskryf staan.

As 'n jaar kon verbygaan dan is die vraag het dinge in Jerusalem kon verbeter. Die oudstes daar in Babel, vêr van Jerusalem weg, hulle wil tog so graag bly glo dat die probleme in ons stad is van tydelike aard. Daarom lees ons in v.2 dat iets van die kerkraad van daardie tyd, oudstes was weer daar by Esegiël en het daar voor hom gaan sit om die Here te raadpleeg. Hulle woorde vra sekere dinge, maar in hulle harte en gedagtes is daar 'n ander storie aan die gang. Hart en woord is nie met mekaar een nie en nou dink mense baie keer dat die Here nie daarvan weet as mens uiters skynheilig kamtig sekere dinge van die Here vra, jy kom om kamtig die Here te raadpleeg, maar in jou hart is jy met heel ander raad besig nie. Dis die een kant van die oudstes hier voor Esegiël .

Daar is ook die ander kant. Die naïwiteit van die mens om wanneer dit sleg gaan te wil maak asof dit darem nie so sleg is nie. Die oudstes in Babel, hulle wil nie erken hierdie jaar wat verby is, het dinge in Jerusalem baie agteruitgegaan nie. Koning Sedekia, waar ons verlede week die klaaglied van sy ma moes hoor, is in die oudstes se oë nog die man waarop hulle nog steeds hulle hoop op wil vestig.

***

Intussen het die ryk van Israel gekwyn en gekwyn. Al wat van die vroeëre Israel oorgebly het, nadat dit so 'n magtige ryk was, dink maar in die tyd van Dawid en Salomo, nou is dit eintlik maar net Jerusalem self wat daar nog iets was. Die ryk van Sedekia het bykans net die stad Jerusalem bevat. Verder is hulle deur die wêreld van daardie tyd ingesluk. Sedekia met sy politiek wat op voortdurende strategie en reorganisasie gebaseer was en nie op geloof en vertroue in God gevestig was nie, word

deur die oudstes maar nog steeds aangehang. 'n Sg. politieke bevryder, een wat as 'n aardse verlosser aangehang word, is van die mens se grootste swakhede.
In ons tyd, in ons land is dit seker van die grootste gruwels waarmee so baie mense mee besig is om te dink die politiek en die sg. bevryding ná 1994 en die hedendaagse verafgoding van Nelson Mandela sal Suid-Afrika in 'n tipe van heilstaat plaas. So min soos wat ons eie volksleiers uit die verlede en hede verafgod mag word, net so min mag daar die Madiba-figuur deur mense opgerig word, letterlik deur miljoene aanbid word. Geen mens mag dit hom laat welgeval nie. Heidene het dit nog altyd gedoen en is steeds daarmee besig en is beïndruk daarmee.

***

Wanneer die oudstes met Esegiël gekonfronteer staan, broeder en suster, dan sal hulle heeltemal ander woorde hoor as wat hulle op voorberei was. Ons wat nou ook al 'n hele pad met die profesie saamgekom het, ons weet hoe het die profeet op baie maniere die Here aan hulle geopenbaar het. Daar was baie woorde, daar was ingrypend simboliese dade, van om jouself te bind en op jou verskillende sye te lê, maande lank, hare wat geweeg en gebrand was, jou eie huis 'n gat deur die muur te breek, dit alles te veel om op te noem... daar was ook gesigte van Esegiël wat hy/sy volk kon inlei, daar was allerhande redeneringe en debatte gevoer. Broeder en suster, steeds is Esegiël voor die oudstes van 'n volk wat hulle regtig nie wil aanvaar dit wat oor ons gekom het, dit is ons eie skuld en die straf op ons sonde nie.

***

Nou kom hfst. 20 en dit vorm 'n heel nuwe reeks in Esegiël , wat God nou op 'n ander wyse met hulle gaan te werk gaan. En weet u wat doen die Here in hierdie langerige hoofstuk, broeder en suster?! Die Here vat die pad van die geskiedenis. Die Here beweeg vêr terug, tot die tyd toe hierdie volk nog 'n slawevolk in Egipte was. Stap vir stap wys die Here wat toe aan die gang was, wat het toe gebeur en dan is dit elke keer 'n vraag wat maak dat julle as my volk nou anders mee gewerk moet word, as die tyd toe ek met julle vaders op pad was.

In v.5 wys die Here op die Egiptiese begin. V.10 dan sê die Here- *Ek het hulle uit Egipteland uitgelei en in hulle in die woestyn gebring...* Dieselfde Here is heeltyd nog met hulle op pad, God se insettinge, God se verordeninge en hier praat die Here ook heel dikwels oor sy dag, sy sabbatte, alles dinge wat die volk toe al kon weet vir God

belangrik is. In Egipte en in die woestyn, het die volk elke keer in hulle sonde weggesink.

Die Here wys in v.7 hoe daar toe al met hulle vaders gepraat was, die land van melk en heuning het hulle al onder woorde kon begin bring, maar die verfoeisels en drekgode, was gewild. En soos dikwels uit die profesie van Esegiël opklink is dat die Here met sulke afvalligheid weier om saam te leef. En nou is dit een van die kernsake in hierdie hoofstuk, God sal sy eie Naam nie in die gedrang laat kom nie. God laat bepaalde dinge gebeur, nie dat dit soseer vir die mens iets moet beteken nie, maar ter wille van sy eie Naam.

Dink mooi hieroor na, broeder en suster. Daar waar daar elke keer dieselfde woord van die Here kom. In vv 9,14, 22 en op die einde weer v.44. Elke keer sê die Here eintlik dieselfde en dit bly iets baie besonder- EK HET GEHANDEL TER WILLE VAN MY NAAM, DAT MY NAAM NIE ONTHEILIG SAL WORD NIE... So maklik praat ons ook om U Naam ontwil, o Here, ons bid baie keer ook so - *om U Naam ontwil*, maar ons moet mooi dink wat sit agter hierdie geweldige groot uitdrukking- OM U NAAM ONTWIL...

***

Agter elke gebeurtenis in die volk se hele geskiedenis is daar God wat dinge om sy Naam ontwil laat gebeur. Ons kan dit die penwortel van alle geskiedenis noem. Ook vandag gebeur dinge met ons om geen ander rede as om die ontwil van die Here se Naam nie. Ook in Israel se hele bestaan, ons kerk se hele bestaan, ons volk se bestaan, kan geen bestaan voer sonder die Here nie. God in sy Naam doen sekere dinge dat sy Naam nie in die gedrang mag kom nie. Ook wanneer daar sware straf, bittere seer en harde worstelinge ons hele bestaan tref, dan het dit gebeur om U Naam ontwil, o Here... dit is die diepe belydenis waarby ons altyd onsself by moet bring, wanneer daar in ons lewe bepaalde dinge gebeur.

***

In vv.10-17 dan is dit die eerste geslag van Israel in die woestyn, vv.18-26 is dit die tweede geslag wat al in die woestyn is, vv.27-29 dan word Israel se intog in die land Kanaän voorgestel. Die aangrypende wat soos 'n goue draad deur die geskiedenis van Israel loop is dat die Here in al die fases van hulle bestaan dieselfde God is wat om sy

Naam ontwil handel. Dit is in elke geval die volk wat al verder en verder van die Here afdwaal. Hulle wat met die ander volke wil saamsmelt, om eintlik die ander volke se godsdienste ook te erken. Die samesmelting in godsdiens laat vir die Here se insettinge en verordeninge geen plek meer nie. Die sabbatte wat die Here van hulle vereis word nie gehou nie.

***

Daarom as die oudstes 'n vraag gevra het, die vraag in v.3: *Kom julle om My te raadpleeg...* dan is vv.5-31 een handeling van God uit hulle geskiedenis, waar die Here dan eintlik op grond van die geskiedenis die oorspronklike vraag antwoord- die Here herhaal in v.31 sy antwoord - *...sou Ek my deur julle laat raadpleeg, o huis van Israel? Sowaar as Ek leef, spreek die Here HERE, EK laat My deur julle nie raadpleeg nie.* Dan kom vv.32-38 waar die Here die huidige geslag van Israel se afvallige harte ook oopvlek. God laat skryf die geskiedenis soos wat God Self die geskiedenis sien. In elke stuk geskiedenis kom daar iets van 'n afsluiting om weer uit dieselfde geskiedenis iets van 'n nuwe begin te maak. Geskiedenis werk nou nog baie keer so. Dit loop op, tot die punt waar dit dan moet afsluit, om uit die afsluiting weer te kan voortgaan.

En nou sal mense hulleself graag altyd wil voorop stel. Mense sal graag die geskiedenis altyd van hulle eie kant subjektief wil inkleur dat die bewondering vir die eietydse tog nie verlore moet gaan nie. In hoe die Here hierdie geskiedenis laat opteken is daar vir die bewondering van die eietydse geen plek nie. Inteendeel elke keer as daar na die mens teruggekeer word, maak nie saak of hulle nog in Egipte was of geslagte later hulle lewe in die beloofde land kom ter sprake, dan lê daar baie jare daartussen, maar die mens het geen beter mens geword nie. Die mens het vir God nog nooit enige rede kon gee hoekom die Here moet dink ons is beter as hulle wat voor ons was nie.

***

Broeder en suster, in die spieël van die geskiedenis wat die Here hier voor sy volk hou, besef ons inderdaad wat gebeur. Geskiedenis van ons eie land en volk wat 'n slag ook behoorlik voor ons gehou moet word. Jy kyk tog ook na jouself in die spieël van geskiedenis en moet nie hierdie spieël probeer wegdruk nie, moet nie wil maak of die eietydse nie ook nog weer in die spieël geplaas sal word nie. Daar is niks wat in alle geval die spieël van die geskiedenis sal moet ingaan nie. Dan skryf God daaroor, nie mense nie. Soos in Esegiël 20 die geval is...

Dan word daar met God se oë gekyk. Die God wat wil hê dat ons moet lewe. Eseg.18:32- waar die Here dan ook sê dat – *Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here HERE. Bekeer julle dan en lewe...* Daarom wil God vir Israel dit uit die geskiedenis wys dat sy kinders se identiteit en se bestaansreg lê juis in hulle andersheid. As die kerk maar dieselfde moet wees as wat die wêreld is en die kerk in die wêreld moet inpas, dan het die kerk geen bestaansreg meer nie. Ons is so dikwels besig om die stoel waarop ons moet sit se pote onder ons weg te saag. Hierdie anders-wees het God se volk keer op keer in gebreke gebly om te kon bly dit wat hulle geword het. As God jou anders gemaak het, dan moet jy ook anders bly.

As dit nie die geval is nie, dan gebeur iets van die spreekwoord in Afrikaans wat sê boontjie kry sy loontjie. Die volk van die Here wat so graag heeltyd in die volke van die wêreld wil opgaan, nou gaan God met sy volk in die gerig (v.36). En watter ironie vind eintlik plaas, die volk wat nie glo ons krag lê dikwels in ons isolasie nie, nou is die straf juis die wegneem van die isolasie. Dit is 'n straf as jou isolasie van jou af weggevat word. Dit gebeur soos met die verskillende drade in 'n kragdraad. As daardie isolasie tussen die rooi en blou en groen draad wegval, daardie kaal drade raak aanmekaar, dan is dit een groot kortsluiting wat die vonke laat spat. Lewensgevaarlik sal 'n elektrisiën dit jou vertel as jy met groot kragdrade se isolasie peuter, maar die gelowige wil tog so graag dat daar heeltyd aan ons isolasie gepeuter moet word.

Die Here wys deur die ballingskap dat die volk kry eintlik wat hulle na soek. As God in v.35 vir Israel sê dat... *Ek sal jou bring in die woestyn van die volke*... waar God hulle teen al die volke wou beskerm, maar hulle wou tog so graag heeltyd met die volke en hulle kulture en gode en gebruike in aanraking wees, hulle het eintlik so gesmag om in die ander volke weg te smelt... hulle wat glo dat die vermenging groot heil sal bring. Hoe ironies God bring hulle nou na die ander volke, maar in ballingskap. Hulle wat gedink het dit is die ideaal, dit is die paradys om so met die ander volke weg te sink, gou sal hulle agterkom dat hulle veronderstelde paradys eintlik 'n harde barre woestyn is. 'n Land van beproewing en ellende...

***

Daar is baie wat Israel uit sy geskiedenis sou moes agterkom, dit moet Esegiël hierdie oudstes goed laat verstaan, dat as dit nie was dat God vir sy eie Naam soveel omgegee het nie, die wêreld eintlik glad nie meer moes bestaan het nie. In besonder God wat vir sy verbond en sy verbondsnaam soveel omgee...dit alleen kon maak dat ons nog glad nie heeltemal uitgedelg is nie. Watter troos om vandag vir mekaar te mag sê dat die totale ondergang van die kerk 'n absolute onmoontlikheid is. Nie omdat die kerk so sterk en waardevol is nie, inteendeel, maar enkel en alleen omdat die ere van die Naam van die God wat so met sy kerk één is en Hy wat God is met sy kerk bly bemoeienis maak. Die Naam van die Here God, waar die Here elke keer handel, net ter wille van my Naam, as die Here dit Self sê dan is dit woorde wat geweldig is, want op grond van hierdie woorde straf God, maar op grond van presies dieselfde woorde is daar ook redding by God.

Die rede waarom daar nie totale verdelging plaasvind nie, is enkel en alleen aan die Here te danke, die God wat ter wille van sy eie Naam handel. Gestel God sou Israel heeltemal moes vernietig, dié Israel wat so ontrou was teenoor die Here, dan sou God ook daarmee die komende Messias moes vernietig. Daarom breek God nooit heeltemal af nie! God deurbreek wel deurlopend die vaste lyn van sonde deurdat God 'n vaste voorneme het wat ons vaste sonde kan vernietig. Daar is die aangrypende gebeurtenis wat die geskiedenis in Esegiël 20 ook aan ons openbaar as daar staan- *En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaan en julle bring in die land van die verbond...*

Watter genade dat ek die verbond nie kan bedank nie, soos mense party keer wil voorgee hulle met die kerk kan maak. Die kerk kan bedank...! Dink jou dit in? As God praat van hoe hy skaap vir skaap weer onder sy herderstaf laat deurgaan, dan sien ons die Herder wat in die skemer van elke dag soos sy skape na die kraal terugkom, hy skaap vir skaap onder sy staf laat deurgaan. Elke skaap word weer ingetel, skaap vir skaap word gekyk of dit reg is, voor dit binne die kraal gelaat word. God wat jou en my onder sy herderstaf laat deurgaan.

Watter wonderlik ingrypende daad van God alleen. Geen vreemde skaap sal onder die herderstaf deurgelaat word nie, nog minder ingelaat word. Hierdie herderstaf is eintlik maar die uitverkiesingsroede... Daarmee laat God ons deurgaan, ja v.37 sê- Hy *bring*

ons in die band van die verbond... As jy weet Wie die Here is, dan sal hulle wat deur die verbond al nouer vasgetrek word hulle sal weet dat God die HERE is. So min soos ek God kan bedank, van Hom af weggaan, so min kan ek die verbond bedank. Is dit nie die mees troosvolle wat daar vir ons kan wees nie. Niks wat my van God kan skei nie. Ek is totaal onmagtig, heeltemal magteloos om my van God af te skei, al sou ek ook wil. En tog die ware kind van God wil by God wees.

Die Here wat Hom hier aan ons openbaar, Hy wat met ons handel ter wille van sy eie Naam, Hy handel nie kwantitatief nie, maar daar is altyd die kwalitatiewe by God. God se werke is altyd die hoogste kwaliteit. Die tuinier wat nie kyk hoe baie bome hy kan plant nie, maar wat sal sorg al is daar dan nie baie bome nie, maar om elke boom maak hy skoon, versorg hy boom vir boom, sny die dooie takke uit, sorg dat die kern van die bome behoue bly. Met hulle wat oorbly, al is dit nie baie nie, met hulle word daar in v.40 gepraat. Hulle sal die Here wil dien, op sy heilige berg, op die verhewe berg, hulle almal (wat oorgebly het), daar sal dan kwaliteit mense wees en die kwantitatiewe waarmee die mens altyd op loop gaan, ook in ons demokrasieë van vandag sal niks tel nie. Daar sal die Here 'n behae in hulle openbaar en die offergawes wat die Here eis en die eerstelinge van julle aanbiedinge by al julle heilige gawes sal vir God aanneemlik wees.

Vers 43 trek die finale in die geskiedenis tot een pakkie saam. Mense wat so gereinig is, hulle wat kon word 'n geheiligde volk van God, hulle wat onder die herderstaf dag vir dag deurgaan, hulle dink terug en kry 'n walging aan hulleself oor al die slegte dinge wat uit die verlede nog tot hulle spreek. Watter vreugde en dankbaarheid om vandag hier te mag wees en te mag weet om U Naam ontwil o Here, U wat handel ter wille van U Naam, mag ek hier wees. U wat wel sou kon oorweeg om ons totaal en al uit te wis maar ons dank U o Here dat U nog altyd ook met Uself redeneer. U handel nie in blinde woede en koue veglus nie, U gaan nie onbeheers U oordele oor ons volvoer nie, dit wat U oorweginge met ons is en dit wat U uiteindelike oorleg met ons is, is U verbond. Dit ter wille van U Naam, al verdien ons om duisende kere totaal en al uitgewis te word, tog hou U Uself terug. Selfs al sou daar in Sodom net 10 geregverdig kon word, dan sou U die hele stad spaar. So mag ons die Here ken. Daar was toe nie eers 10 in hierdie groot stede wat onder die herderstaf kon deur nie...!

God wat nooit sy toorn teen sy volk laat uitwoed nie, omdat daar op Golgota die toorn van God teen sy eie Seun uitgewoed het. In alle angs en benoudheid, in die hel was die Seun van God, daar waar God sy toorn laat uitwoed, dat dit nie in volle gloed teen ons meer sal kom nie. Al krimp ons baie keer ineen, oor dit wat ook teen ons kom, mag ons die Here dank dat Hy ter wille van sy Naam handel en Hy aan Homself dink en sy verbond met ons, as Hy met ons handel. God wat sy kerk nooit sal vernietig nie, al verdien ons dit, want God sal nooit in stryd met sy vroeëre dade na ons kom nie.

AMEN